



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AOS)

2025 GRAAD 9

Vak: Afrikaans Eerste Addisionele Taal

Punte: 70

Tydsduur: 150 Minute
15 Minute leestyd **uitgesluit**

Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye uitsluitend die voorblad.



Instruksies aan die leerder

1. Jy sal 15 minute leestyd ontvang voordat jy hierdie vraestel begin beantwoord.
2. Lees alle instruksies en vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord alle vrae.
4. Beantwoord al die vrae in die antwoordboek wat verskaf word.

Die vraestel begin op die volgende bladsy.



Moenie omblaai voordat jy die instruksie ontvang het nie.

Vraag 1: Leesbegrip

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Hallo, Liewe *Kuier*-lesers!

- 1 Haar naam is deesdae op almal se lippe. Sy het miljoene “Tygers” – dis nou haar bewonderaars – die wêreld oor. My tweejarige seuntjie is een van hulle. Nee kyk, jy gaan ver moet soek vir iemand wat nié die musiekster Tyla ken nie. En nóg verder vir iemand wat nog nooit haar treffers soos “*Water*” en “*Push 2 Start*” (haar bekendste liedjies) gehoor het nie.
- 2 Elke Desember sien ek uit na my musieklysie op Spotify – dis wanneer dié stroomdiens wys na watter liedjies en sangers jy die meeste in een jaar geluister het. In 2024 was ons duidelik in ons “Tyger”-era, want Tyla was die kunstenaar na wie ons (oftewel my seuntjies) die meeste op Spotify geluister het. Intussen gil my tweejarige seuntjie, wikkkel en skud sy lyfie, as haar liedjies uit my foon blêr. En met daai vingertjies weet hy ook al hoe om liedjies op my Spotify-speellys te soek.
- 3 Tyla is definitief die grootste musiekuitvoerproduk wat ons al uit Suid-Afrika gehad het. Sy ryg die treffers en pryse in, mense laai haar liedjies af en kyk na haar musiekvideo’s miljarde kere, en sy skuur gereeld skouers met groot name. Maar sy het ook al geleer van die soet en suur van roem, want dit voel of een of ander mens altyd aanlyn iets oor haar te sê het ... soos dat sy te veel van haarself dink. Maar dié einste ‘snob’ lag al die pad bank toe!
- 4 Om Tyla vir ’n onderhoud in die hande te kry is soos tande trek. Ons vra al maande lank en elke keer klap die deur in ons gesigte toe. Ek het vir Tyla gesê dat, as sy vir my ’n onderhoud toestaan, ek net positiewe goed oor haar sal skryf. Iewers moet iemand haar opgang en suksesstorie deel.
- 5 Tyla is orals, en haar onlangse konsert in Suid-Afrika was heeltemal uitverkoop. Al jammerte is dat die plaaslike media nie meer so maklik onderhoude met haar kon voer nie.

6 Vir baie jong meisies is Tyla die bewys dat enige iets moontlik is as jy kliphard werk en nooit opgee nie. Haar ouers het haar 'n jaar gegee om die musiek-ding te probeer en kyk waar sit sy nou. Sy is wêreldberoemd en 'n superster.

7 Hier volg 'n paar interessante statistieke oor haar sosiale media teenwoordigheid.

1,4 miljoen Facebook aanhangers	1 miljoen verkope van "Water" in Amerika	4,52 miljoen intekenare op haar YouTube- kanaal	10 miljoen Instagram aanhangers
------------------------------------	---	---	------------------------------------

8 Sy het die suksesleer geklim en pluk nou die vrugte van haar werk.

REDAKTEUR Lara Aston E-pos: kuier@kuier.co.za

Aangepas uit: Kuier, 30 Januarie 2025

1.1 Waarvoor is Tyla bekend?

- A musiek
- B films
- C boeke
- D konserte

(1)

1.2 In watter jaar het sy haar bekendheid verwerf?

- A gedurende 2025
- B na 2024
- C na 2025
- D gedurende 2024

(1)

1.3 Wat is 'n "musiekuitvoerproduk" in Paragraaf 3?

- A 'n persoon wat in die buiteland bly
 - B 'n produk wat na die binneland ingevoer word
 - C musiek wat na die buiteland uitgevoer word
 - D 'n musiekproduk wat in die binneland bly
- (1)

1.4 Voltooi die volgende sin.

Tyla is 'n beroemde ...

- A skilder.
 - B skrywer.
 - C produk.
 - D musikant.
- (1)

1.5 Wat het Tyla gedoen om so suksesvol te wees?

- A Sy het skouers met bekendes geskuur.
 - B Sy het baie hard gewerk.
 - C Sy het baie bewonderaars.
 - D Sy moes vrugte pluk.
- (1)

1.6 Waarom is Tyla se naam deesdae op almal se lippe?

- A Sy kom van die buiteland af.
 - B Mense wil haar lipstiffie koop.
 - C Mense luister baie na haar liedjies.
 - D Sy maak lekker kos.
- (1)

1.7 Wat beteken “die soet en suur van roem”? (Paragraaf 3)

- A die goeie en slegte ervarings van beroemd wees
- B die goeie en slegte ervarings van onbekend wees
- C die kos is soet en suur
- D die belangrikheid van bekend wees

(1)

1.8 Tyla is wêreldberoemd omdat ...

- A niemand van haar weet nie.
- B niemand haar erken nie.
- C sy 'n internasionale ster is.
- D sy in die buiteland woon.

(1)

1.9 Pluk die vrugte van jou werk.

Wat beteken bostaande idiomatiese uitdrukking?

- A Jy moet in die tuin gaan werk.
- B Jy word beloon vir harde werk.
- C Jy moet vrugteslaai maak.
- D Jy is onsuksesvol.

(1)

1.10 Watter stelling van Tyla is 'n feit?

- A Tyla is net in ons land bekend.
- B Dit is maklik om met Tyla 'n onderhoud te voer.
- C Tyla sing net gedurende Desember.
- D Tyla is 'n suksesvolle musikant.

(1)

1.11 Wat bedoel die skrywer as sy sê: “Om Tyla vir ’n onderhoud in die hande te kry is soos tande trek?” (Paragraaf 4)

- A Sy is enige tyd beskikbaar vir ’n onderhoud.
- B Sy moet tandarts toe gaan voor ’n onderhoud.
- C Dit is moeilik om haar te kry vir ’n onderhoud.
- D Dit is sleg om met haar ’n onderhoud te voer. (1)

1.12 Watter stelling is waar?

- A Tyla het net nasionale beroemdheid verwerf.
- B Tyla is ’n internasionale ster.
- C Tyla tree net plaaslik op.
- D Sy het net ’n paar volgelinge op sosiale media. (1)

1.13 Hoe was Tyla se lewe voor sy bekend geword het en hoe is haar lewe nou?

- A Voor sy bekend geword het, het sy min aanhangers gehad en nou het sy baie.
- B Voor sy bekend geword het, was dit moeilik om ’n onderhoud met haar te voer en nou is dit maklik.
- C Voor sy bekend geword het, het sy nie hard gewerk nie, maar nou werk sy glad nie meer nie.
- D Voor sy bekend geword het, het sy baie aanhangers gehad en nou het sy geen aanhangers nie. (1)

1.14 “sy skuur gereeld skouers met groot name” (Paragraaf 3)

Wat is die figuurlike betekenis van bostaande uitdrukking?

- A Sy baklei met ander mense.
- B Sy is net so lank soos al die mense.
- C Sy meng met ander bekende mense.
- D Sy beweeg in besige areas rond. (1)

1.15 “Ek het vir Tyla gesê dat, as sy vir my `n onderhoud toestaan, ek net positiewe goed oor haar sal skryf.”

Na aanleiding van die bostaande sin, hoe probeer die redakteur vir Tyla manipuleer?

- A Deur te sê dat sy baie van haar hou.
- B Deur te sê dat sy wêreldberoemd en `n ster is.
- C Deur te sê dat sy net goeie goed oor haar sal skryf.
- D Deur te sê dat enige iets moontlik is as jy hard werk. (1)

1.16 Wat is die boodskap van die teks?

- A As 'n mens hard werk, kan jy suksesvol wees.
- B Dit is maklik om suksesvol te wees.
- C As jy suksesvol is, het jy net goeie vriende.
- D Dit gaan altyd goed met bekende mense. (1)

1.17 “ ... vir iemand wat nog nooit haar treffers soos “*Water*” en “*Push 2 Start*” (haar bekendste liedjies) gehoor het nie.”

Wat is die doel van die hakies in bostaande sin?

- A Dit beklemtoon die gedagte dat sy hard gewerk het.
- B Dit gee ekstra informasie.
- C Dit verwys na haar enigste liedjie.
- D Dit wys dat sy gewild is. (1)

1.18 Sy het miljoene “Tygers” – dis nou haar bewonderaars – die wêreld oor. Kies die gepaste betekenis vir ‘bewonderaars’.

- A vriende
- B vyande
- C maats
- D aanhangers (1)

1.19 Wat, dink jy, is die skrywer se gevoel oor Tyla? Sy is ...

- A vol jaloesie.
- B baie onsteld.
- C vol bewondering.
- D bietjie teleurgesteld. (1)

1.20 Watter groep mense sal verkies om hierdie teks te lees? Mense wat van ...

- A musiek hou.
- B flieks hou.
- C kuns hou.
- D drama hou. (1)

1.21 “Hallo, Liewe *Kuier*-lesers!”

Waarom, dink jy, begin die leesstuk met die woord “Hallo”?

- A Dit praat net met sekere mense.
- B Dit maak die teks persoonlik.
- C Dit maak die teks onpersoonlik.
- D Dit praat met alle jong mense. (1)

1.22 My tweejarige seuntjie gil as hy haar liedjies hoor.

Uit die seuntjie se optrede kan jy aflei dat hy ...

- A opgewonde is.
- B hartseer is.
- C bang is.
- D verlief is. (1)

1.23 Wat sou gebeur het as Tyla nie so hard gewerk het nie?

- A Tyla sou baie bekend wees.
- B Tyla sou baie bewonderaars hê.
- C Tyla sou nie so baie vrugte verkoop het nie.
- D Tyla sou nie so suksesvol gewees het nie. (1)

1.24 Wat dink jy sou gebeur het as haar ouers nie vir haar 'n jaar vir musiek gegee het nie?

- A Sy sou 'n mislukking van haar loopbaan gemaak het.
- B Sy sou nie so vinnig bekend geword het nie.
- C Sy sou baie meer konserte gehou het.
- D Sy sou nie 'n snob gewees het nie. (1)

1.25 “Maar dié einste ‘snob’ lag al die pad bank toe!” (Paragraaf 3)

Wat beteken dit as iemand al die pad bank toe lag? Dit beteken dat ...

- A hy baie bank toe gaan.
- B hy min geld maak.
- C hy baie geld maak.
- D hy baie lag in die bank. (1)

[25]

Vraag 2: Visuele tekste

2.1: Advertensie

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.



Stokperdjie-expo 2025 – Ontdek, Skep, Speel!



☀ 'n Dag vol Pret en Avontuur! ☀

*Kom ervaar 'n dag propvol werksinkels, sport, kuns en tegnologie –
perfek vir stokperdjie-liefhebbers en nuuskierige jongmense!*



Datum: 5 Mei 2025



Tyd: 8:00 – 19:00



Plek: Dikeledi Park



Hoogtepunte:



Praktiese werksinkels – Houtwerk, maak van papier en pottebakkerij



Kunshoekie – Kreatiewe kuns soos die maak van papierpoppe



Tegnologie – Robotika en kodering vir graad 9-leerders



Padeltennis – Vinnige wedstryde vir alle vaardigheidsvlakke



Netbal en sagtebal – Ontwikkel vaardighede



Hardloop en buitelugpret – Wedlope en speletjies in die vars lug

Kontak



Landlyn: 012 345 6780



E-pos: info@hobbyexpo2025.co.za



Moenie hierdie geleentheid misloop nie!

Ontdek jou nuwe stokperdjie! 

Bron: Eksaminator met behulp van Copilot

2.1.1 Wat is die doel van die teks?

- A Dit adverteer 'n wetenskapkompetisie.
- B Dit adverteer 'n Stokperdjie-expo.
- C Dit adverteer 'n kosfees.
- D Dit adverteer 'n musiekkonsert. (1)

2.1.2 Wie is die teikengroep van die advertensie?

- A mense wat stokperdjies beoefen
- B mense wat rugby beoefen
- C mense wat van bergklim hou
- D mense wat van uitdagings hou (1)

2.1.3 Hoe kan deelnemers kontak maak vir meer inligting?

- A Landlyn en WhatsApp
- B WhatsApp
- C E-pos en landlyn
- D Poskantoor (1)

2.1.4 Die horlosie op die advertensie dui die ... aan.


- A tydsduur van die pretdag
- B tyd per aktiwiteit
- C tydsduur van wedstryde
- D tyd van registrasie (1)

2.1.5 Die simbool langs die Praktiese werksinkels dui aan dat ...

- A jy gereedskap gaan maak.
- B jy gereedskap moet saambring.
- C jy gereedskap moet koop.
- D jy met gereedskap gaan werk. (1)

2.2: Spotprent

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.



Bron: Die Burger 26 Julie 2017

- 2.2.1 Waar vind die gebeure plaas? (1)
- 2.2.2 Watter visuele leidraad dui aan dat die mense water moet spaar? (1)
- 2.2.3 Gee twee visuele leidrade dat karakter 2 wil gaan stort. (2)
- 2.2.4 Wat is karakter 3 besig om te doen? (1)
- 2.2.5 Watter emosie word deur karakter 1 uitgebeeld? Motiveer deur een visuele leidraad te gee. (2)
- 2.2.6 Wat is die boodskap wat die spotprent oordra? (1)
- 2.2.7 Wat is die ironie in die spotprent? Motiveer jou antwoord. (2)

[15]

Vraag 3: Opsomming

Sit jy ook saam met jou vriende by 'n restaurant en jou vriende is besig om WhatsApp-boodskappe te lees en te stuur? Hier is 'n paar WhatsApp-reëls.

INSTRUKSIES

1. Skryf SEWE WhatsApp-reëls neer.
2. Nommer jou sinne van 1 tot 7.
3. Skryf slegs EEN feit per sin.
4. Gebruik sover as moontlik jou eie sinne.
5. Jou opsomming moet tussen 60-70 woorde lank wees.
6. Dui die getal woorde aan die einde van jou opsomming in hakies aan.

[10]

WhatsApp-reëls: moets en moenies

Ons almal weet dat boodskap-apps soos WhatsApp en Telegram kommunikasie vir altyd verander het. Hier is paar reëls wat jy kan volg.

Aan hoeveel WhatsApp-groepe behoort jy? Nee, moenie nou antwoord nie, maar maak dit jou nie angstig nie? Moenie te veel WhatsApp-groepe stig nie. Vra volgende keer voordat jy iemand nuut by 'n groep voeg. Of nog beter, vra die persoon of hy of sy deel wil wees van die groep.

Noudat jy die nuwe groep gestig het, hou by die groep se reëls en doel waarvoor dit gestig is. Plaas net inligting wat relevant vir die groep is. Niemand wil weet wat jou boetie nou weer gebreek het nie. As jy deel van 'n wiskundegroep is om jou punte te verbeter, fokus net daarop.

Vermyn daardie lang een-tot-eengesprekke in die WhatsApp-groep. Stuur eerder vir mekaar direkte boodskappe. Jy sal beslis nie die ander lede in die groep irriteer nie. Dit is dalk die rede waarom sommige lede die groep verlaat. Moet dit nie persoonlik opneem as iemand die groep verlaat het nie. Leer daaruit.

Nie almal kan of wil na stemnotas luister nie. Vra wat die ontvanger verkies. Jy moet hulle keuse respekteer. Moenie lang WhatsApp-boodskappe stuur nie, want mense het nie die tyd om alles te lees nie.

Dit is ongeskik om tyd op jou WhatsApp te spandeer terwyl jy saam met vriende kuier of eet. Weet jy hoe irriteer dit sommige mense as jy dit doen? Verstaan jy nou waarom jy minder uitnodigings kry om saam te gaan uiteet?

Hou jy daarvan om al jou boodskappe met honderde oulike emoji's te versier? Stop dit! Ons stel voor dat jy jou emoji's spaarsamig gebruik.

Verwerk en aangepas uit: <https://www.netwerk24.com/sarie/myself/verhoudings/whatsapp-etiket-hier-is-alles-wat-jy-moet-weet-20250307>

Vraag 4: Taalstrukture en -konvensies

Lees die onderstaande webjoernaal en beantwoord die daaropvolgende vrae.

30 Januarie

Ouers, tieners

Geskryf deur Evolve: Gesonde gedrag

Januarie is stokperdjemaand.

- 1 Tieners wat hulself besig hou met 'n stokperdjie (*hobby*) ervaar minder spanning. Stokperdjies, soos die aanleer van 'n musiekinstrument of 'n nuwe sportsoort, is vet pret. Jy doen dit omdat jy dit wil doen en niemand jou gedwing het om dit te doen nie.
- 2 Stokperdjies sluit soveel meer in. Dit kan tieners waardevolle lesse leer. Tieners mag dalk nie weet dat hulle van kosmaak hou nie, totdat hulle in die kombuis begin eksperimenteer. Op hierdie manier leer hulle speel-speel nuwe vaardighede in 'n veilige omgewing aan. Dit moet vir jou voel dat jy iets bereik het en dat jou hart van trots swel.
- 3 Die blootstelling aan vars lug is 'n baie gesonder keuse, eerder as om jou tyd op sosiale media te spandeer. Jy kan nuwe en interessante mense ontmoet as jy 'n stokperdjie het. Dit is ook 'n manier om mense van ander kulture en ouderdomme te ontmoet. Hierdeur verbeter jy dan ook jou sosiale vaardighede soos bv. respek vir ander se menings en verskille. Dit leer jou om nie so vinnig op jou perdjie te spring nie. Deur jou interaksie met mense, verbeter jy ook jou selfvertroue.
- 4 Stokperdjies kan jou tydsbestuur verbeter. As jy na skool tyd aan jou stokperdjies moet spandeer, het jy nie baie tyd om te mors nie. Nou het jy nie vanmiddag tyd om op die rusbank te lê en TV te kyk nie. Jy moet nou jou tyd indeel tussen al jou verpligtinge - van huiswerk doen tot gereed maak vir buitemuurse bedrywighede - en ook vir jou stokperdjie. Dit is nie altyd so maklik nie, maar iewers moet jy leer om jou tyd reg te bestuur. Is jy *game*?
- 5 Ek hoop hierdie webjoernaal was vir jou van waarde.

Aangepas van: <https://evolvetrement.com/blog/benefits-teen-hobbies/>

4.1 Watter tipe selfstandige naamwoord is 'stokperdjie'? (Paragraaf 1)

- A soortnaam
 - B maatnaam
 - C versamelnaam
 - D stofnaam
- (1)

4.2 "Januarie is stokperdjiemaand." (Paragraaf 1)

Identifiseer die tipe sin in die bostaande sin.

- A uitoeptsin
 - B bevelsin
 - C vraagsin
 - D stelsin
- (1)

4.3 Wat is 'n sinoniem vir 'veilige'? (Paragraaf 2)

- A rustige
 - B beskermde
 - C goeie
 - D betroubare
- (1)

4.4 Tieners kan soms in die moeilikheid (_land).

Kies die korrekte voorvoegsel vir die woord tussen hakies.

- A ge-
 - B ver-
 - C be-
 - D ont-
- (1)

4.5 Tieners hou hulle besig met hul stokperdjies sodra hulle van die skool af kom.

Die onderstreepte gedeelte van die bostaande sin in 'n voorbeeld van 'n ...

- A byvoeglike bysin.
- B saamgestelde sin.
- C bywoordelike bysin.
- D onderwerpsin.

(1)

4.6 Stokperdjies is vet pret ... dit is goed vir jou.

Voltooi die sin met die gepaste voegwoord.

- A omdat
- B daarom
- C aangesien
- D en

(1)

4.7 “Dit kan tieners waardevolle lesse leer.” (Paragraaf 2)

Die onderstreepte woord in die bostaande sin is 'n voorbeeld van 'n ...

- A byvoeglike naamwoord.
- B selfstandige naamwoord.
- C onpersoonlike naamwoord.
- D persoonlike voornaamwoord.

(1)

4.8 “Nou het jy nie vanmiddag tyd om op die rusbank te lê en TV te kyk nie.”

(Paragraaf 4)

Die onderstreepte woord in die bostaande sin is 'n voorbeeld van 'n ...

- A bywoord van plek.
- B bywoord van wyse.
- C bywoord van tyd.
- D bywoord van graad.

(1)

4.9 Tydsbestuur sal deur jou stokperdjies verbeter word.

Kies die korrekte bedrywende vorm van die bostaande sin.

- A Jou stokperdjies sou jou tydsbestuur verbeter.
- B Jou stokperdjies kan jou tydsbestuur verbeter.
- C Jou stokperdjies sal jou tydsbestuur verbeter.
- D Jou stokperdjies kon jou tydsbestuur verbeter. (1)

4.10 Sommige tieners hou daarvan om kos te maak.

Wat is die ander betekenis van die woord 'kos'?

- A die gewig van iets
- B die naam van iets
- C die waarde van iets
- D die prys van iets (1)

4.11 "Dit leer jou om nie so vinnig op jou perdjie te spring nie." (Paragraaf 3)

Gee die betekenis van die uitdrukking in die bostaande sin.

- A om vinnig kwaad te word
- B om vinnig weg te spring
- C om vinnig weg te hardloop
- D om vinnig opgewonde te raak (1)

4.12 Hierdeur verbeter jy dan ook jou sosiale vaardighede soos bv. respek vir ander se menings en verskille. (Paragraaf 3)

Waarvoor staan die afkorting bv. in die bostaande sin?

- A bywoord
 - B bynaam
 - C byvoorbeeld
 - D bymekaar
- (1)

4.13 “Stokperdjies sluit sovéél meer in.”

Wat is die funksie van die aksentteken op die woord sovéél in die bostaande sin?

- A Die aksentteken dui aan dat jy klem op die woord moet lê.
 - B Die aksentteken wil die leser voorberei op die ander aktiwiteite.
 - C Die aksentteken beklemtoon die verskillende stokperdjies.
 - D Die aksentteken wys dat “soveel” met “meer” rym.
- (1)

4.14 Die tiener wat daar kook, is baie lief vir kosmaak.

Watter tipe voornaamwoord is 'wat' in die bostaande sin?

- A wederkerende
 - B betreklike
 - C persoonlike
 - D aanwysende
- (1)

4.15 Ek (wet/weet/wiet/wed) jou jy gaan daarvan hou om kos te kook.

Kies die korrekte woord.

- A wet
- B weet
- C wiet
- D wed

(1)

4.16 Ek hou van my stokperdjie.

Kies die korrekte verlede tydsvorm.

- A Ek wou van my stokperdjie gehou het.
- B Ek sal van my stokperdjie gehou het.
- C Ek het van my stokperdjie gehou.
- D Ek kon van my stokperdjie gehou het.

(1)

4.17 Ouers sê: "Tieners moet 'n stokperdjie hê."

Wat is die korrekte indirekte rede vir bostaande sin.

- A Ouers sê dat tieners 'n stokperdjie het.
- B Ouers sê dat tieners 'n stokperdjie wou hê.
- C Ouers sê dat tieners 'n stokperdjie moet hê.
- D Ouers sê dat tieners 'n stokperdjie sal hê.

(1)

4.18 Watter sin is 'n voorbeeld van stereotipering?

- A Alle meisies hou van kook en alle seuns hou van rugby.
- B Party meisies hou van kook en party seuns hou van rugby.
- C Sommige meisies hou van kook en sommige seuns hou van rugby.
- D Baie meisies hou van kook en baie seuns hou van rugby.

(1)

4.19 Wat is die funksie van die inleidingsparagraaf?

- A Verduidelik die nadele van stokperdjies.
- B Prikkel die leser oor die waarde van stokperdjies.
- C Gee vir die leser 'n voorsmakie van hoekom tieners nie by stokperdjies betrokke is nie.
- D Berei die leser voor op die waarde van die webjoernaal vir elke ouer. (1)

4.20 "Is jy *game*?" (Paragraaf 4)

Die woord, '*game*' in slengtaal beteken ...

- A jy wil dapper wees.
- B jy wil veilig wees.
- C jy wil alleen wees.
- D jy wil deel wees. (1)

[20]

Einde van die vraestel

